

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Maart 2014

God die Gans Andere

Lees binne...

- Geloof – identiteit en roeping – 1
- Uitdagings van die nuwe finansiële jaar – 3
- Invloed van die ekonomie op die NHKA – 6
- ADV fokus vanjaar op armoede – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Geloof – identiteit en roeping (Dr Jaco Beyers)
- Bl 2 **Van die subredakteur, dr Piet van Staden**
Défaitisme en geloof – vlakke van werklikheid
- Bl 3 **Aktuele sake**
Uitdagings van die nuwe finansiële jaar (Ds Colin Hertzog)
- Bl 4 **Kerkwêreld**
Begin jou huwelik reg (Ds Etienne Fourie)
AIM amptelik geopen
- Bl 5 **Kerkwerf**
Eerstejaars raak tuis
50 jaar in die bediening
60 jaar in die bediening
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Invloed van die ekonomie op die NHKA (Oudl Frits Smit)
Die ADV fokus vanjaar op armoede (Ds Martin Jansen van Rensburg)
Met dank aan ons emeriti (Ds Cobus Jansen van Nieuwenhuizen)
- Agterblad **Oordenking**
Word stil in Lydenstyd (Ds Johan Bester)

Défaitisme en geloof

Dr Piet van Staden skryf in die redaksionele berig dat die Kerk beïnvloed word deur negatiewe toestande in die land. Verskillende bydraes in hierdie uitgawe bevestig dit. Politieke en ekonomiese onstabielheid veroorsaak 'n gebrek aan vertroue in die toekoms. Dit is asof ons mense ontgogel en verslae is. Dit mond uit in vreemde gedrag: onverdraagsaamheid en verdeeldheid neem toe en mense neem hul toevlug tot vervangende of alternatiewe gemeenskappe. Is dit 'n teken dat ons verslaan is? Oorwonne, nie alleen in identiteit nie, maar ook in geloof? Dit kan tog nie waar wees in die kerk van Jesus Christus nie! Of kan dit? Hoe bied ons as gelowiges en as Kerk weerstand daarteen?

Beslis nie deur vas te gryp aan dogmas, strukture en mense nie. Ook nie deur terug te hunker na vervloë tye nie. Die toekoms beweeg nie agteruit nie.

Die fondament van geloof is God. Ons ken God as iemand wat met ons in 'n verhouding staan, en dit is 'n lewende verhouding. Natuurlik is daar emosie by betrokke. Jy kan nie praat van 'n verhouding waar daar sprake is van liefde, respek, verwondering, dankbaarheid en hoop sonder dat dit 'n emosionele impak op jou het nie. Ons beleef dit in die vreugde van Kersfees en die somberheid en ingetoënheid van Paasfees; in die geestelike liedere wat ons sing en die gebede wat ons bid.

Tog is emosie nie die belangrikste element van geloof nie. *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie* (Heb 11: 1). Dit is 'n lewensveranderende ervaring om in die teenwoordigheid van God te wandel. Geloof is suiwerend en verheffend. So getuig die Bybel in die taal van gelowiges oor eeue heen, en so ervaar ons dit self in ons verhouding met die Here.

Die God wat jou ken van die oomblik van jou ontstaan af, wat as't ware jou liggaam en siel aanmekaar geweef het, Hy is ook jou Verlosser. Dit is Hy wat nou in jou nood sê: Moenie luister na die kundiges, die geleerdes wat sommer waarsêers ook is nie. Hulle lees die tekens, kyk na die politiek en ekonomie en die demografiese tendense en sê dit of dat gaan gebeur. Maar die Here kan in 'n oomblik iets nuuts doen.

Défaitisme (wanhoop/moedeloosheid) is onbetaamlik vir die Kerk en vir elke gelowige. Vanuit ons verhouding met die Here moet elke lidmaat, kerkraad, gemeente, ring en sinodale vergadering hande vat en onderneem:

Kom ons neem ons toevlug tot God.

Kom ons behou die geloof.

Kom ons wandel in die voetspore van Christus en doen wat ons moet doen.

Geloof – identiteit en roeping

Dr Jaco Beyers skryf dat die mens in ontmoeting met God aan die een kant met vrees en aan die ander kant met verwondering reageer. Wanneer ons met die groot, almagtige God gekonfronteer word, val ons in vrees en bewing voor die onbekende God neer. God se heiligheid dwing ons op ons knieë neer (vergelyk Ges 231: 1). Ten spyte van die vrees wat ons beleef, word ons so deur die grootheid van God aangegryp dat ons God beter wil leer ken. Ten spyte van vrees, wil ons nader aan God. God se grootheid maak egter dat ons Hom nie volledig kan ken nie. Hy is die Gans Andere, die totaal onkenbare. Die ontmoeting met God roep by ons om die reaksie van geloof.

In ontmoeting met God gebeur iets met die mens. Die ontmoeting is nie net 'n rasonale gebeurtenis nie, maar ook 'n gevoelsmatige ervaring. Luther het geloof in hierdie sin verstaan. Vir Luther is hierdie “kontras-harmonie” die kernmoment van geloof: 'n onkenbare God wat Homself kenbaar maak, 'n ontoeganklike God wat toeganklik word. God is verhewe en verborge vir die menslike verstand. Die onbegryplikheid en onverklaarbaarheid van God maak dat die mens buig voor God. Voor God kan die mens egter ook met vreugde dans en jubel oor die genade wat God bekendmaak.

Volgens Luther is geloof meer as sieletroos, gewetensvrede of 'n gevoel van geborgenheid. Geloof is 'n kindskapsgevoel. Geloof kan nie net 'n rasonale keuse wees nie, maar is ook 'n emosionele reaksie. Geloof het 'n effek op die mens. Deur geloof kom daar 'n verandering in die identiteit van die mens. Luther verduidelik hoe God die eens goddelose mens se wese deur Jesus Christus verander. God bedoel dat die nuwe mens nou sy liefde in die wêreld moet reflekteer. Die vraag word dan nou: Hoe reflekteer Christene se eksistensie God se intensie? Dit vra 'n daaglikse keuse om te bestaan soos wat God vra. Die Heilige Gees gee die krag om te onderskei wat die ware identiteit van die kerk moet wees, en die krag om kongruent met hierdie identiteit te leef. Die Heilige Gees bring kongruensie tussen identiteit en roeping. Die Gees lei die kerk om in te val by God se werk wat reeds aan die gebeur is. Op so 'n manier lei die Gees die kerk om te onderskei hoe die kerk behoort kerk te wees.

Uitdagings van die nuwe finansiële jaar

Ds Colin Hertzog vra hoe gemeentes in die toekoms finansiël gaan oorleef. Dit is ou nuus dat gemeentes in die Kerk, en so ook in ander kerke, sukkel om finansiël te oorleef. Die 70ste AKV het in die verslag van die administrateur verneem dat gemeentes met tekorte jaarliks toeneem. Volgens die verslag het gemeentes met tekorte tussen 2009 en 2011 van 96 tot 129 toegeneem. Meer resente inligting was nie beskikbaar nie omdat heelwat gemeentes se ouditverslae nie afgehandel was nie.

Lê die oplossing in die beperking van uitgawes? In die uitskakeling van sinodale uitgawes? In meer basaars en ander eksterne bronne? Of moet ons eerder die grootste bron van inkomste, naamlik offergawes en deurkollekte, optimaliseer? Hierdie twee items dra ongeveer 67% by tot die inkomstebegroting van die Kerk se gemeentes. Daar is baie lidmate wat hul kant bring, en selfs soos die weduwee meer as hul kant bring. Dit is nie op hulle dat kerkrade behoort te fokus nie. Daar is al gesê dat tot soveel as 'n derde van die Kerk se lidmate ongereeld bydra en nog 'n derde byna nooit offergawes gee nie. Dit is op hulle dat kerkrade behoort te fokus. Wanneer 'n gemeente net 10% beter vaar met die insameling van offergawes, maak dit 'n groot verskil en steun die gemeente nie verder op reeds positiewe en betrokke lidmate om funksies te reël nie. Dit is waarskynlik moontlik om meer as 10% groei te toon. Dit maak sin om op offergawes te konsentreer, aangesien 'n gemeente se inkomste uit byvoorbeeld fondsinsameling met tot soveel as 40% moet toeneem vir elke 10% wat dit toeneem in offergawes en deurkollekte. Kerkrade sal hiermee moet erns maak en 'n strategie moet uitwerk om die groei te realiseer.

Dit is jammer dat daar in die Kerk oor geld gepraat moet word. So lank as wat die gesprek oor geld die effektiewe bediening in die gemeente en gemeenskap in die oog het en daarmee saam die verheerliking van God, is dit geregverdig. Die beste vertrekpunt behoort te wees om op lidmate te fokus wat wel kan bydra maar dit om die een of ander rede nie doen nie. Kerkrade moet hierdie lidmate toerus om hul verantwoordelikheid na te kom.

Invloed van die ekonomie op die NHKA

Oudl Frits Smit van Melkbosstrand skryf dat die invloed van die ekonomie op die Kerk duidelik waarneembaar is in gemeentes en die totale Kerk:

- Die armbankevraagstuk in die ou bedeling is onderdruk deur beskutte arbeid te skep in verskeie staatsentiteite. Dié gebruik het verval en ons het nou op 'n heelwat groter skaal te kampe met armoede en broodgebrek.
- Staatshulp vir hulpbehoewendes het verminder en in sommige gevalle totaal verdwyn.
- Lidmate se besteebare inkomste het in baie gevalle verminder, maar dié van baie ander het beduidend gestyg. Offervaardigheid het egter nie dienooreenkomstig verbeter nie. Die verdieners in die middelklas het landwyd toegeneem, maar – weens ons verlede – nie drasties in ons geledere nie.
- Die uitvloei van lidmate het tot gevolg dat die gemiddelde ouderdom van ons lidmate verhoog het, dus meer pensioenarisse met minder besteebare inkomste.

Ons is en bly egter altyd kerk van Jesus Christus, en ons weet en vertrou dat Hy sy kerk sal versorg en in sy voetspore sal lei.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor die ADV se fokus in 2014 op armoede, twee predikante van die Hervormde Kerk wat ampsjubileums gevier het, die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) se amptelike opening, en die eerstejaarskampe in Stellenbosch en Bloemfontein.

Ds Johan Bester se oordenking herinner ons daaraan dat ons in die Lydenstyd moet stil word en moet nadink oor Jesus Christus wat gely, gesterf en opgestaan het. Christusvolgelingen sou immers nooit 'n Lydenstyd gehad het om te vier as dit nie vir die opstanding van Jesus uit die dood was nie! Kom tot inkeer, besin en herverbind jou aan Christus. Word vir 'n oomblik stil en oordink Jesus Christus se lyding en die betekenis daarvan vir jou.
